Bib.

32/84

Saak Nr 271/82

E N MUGWEDI en P MULAUDZI

- en -

DIE STAAT

JANSEN AR.

Saak Nr 271/83.
M.C.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ELIAS NEMAKHAVHANI MUGWEDI ... Appellant Nr 1.

PETRUS MULAUDZI ...... Appellant Nr 2.

- en -

DIE STAAT ........ Respondent.

Coram: JANSEN AR et SMUTS, HOWARD Wnd ARR.

Verhoor: 17 Februarie 1984.

Gelewer: 29 Maart 1984.

---

# UITSPRAAK.

JANSEN AR :-

Die twee appellante is in die Hooggeregshof van Venda deur Hoofregter VAN RHYN en assessore aan die moord van 'n vrou, ene Masindi Makhezha Mugwedi, skuldig bevind - in die geval van die tweede appellant met versagtende omstandighede. Die eerste appellant is ter dood veroordeel en die tweede appellant is gevangenisstraf van 6 jaar opgelê. Met verlof ingevolge art 316(8) (c)(ii) van Wet 51 van 1977 appelleer hulle teen die skuldigbevindings.

Masindi (so is sy deur die getuies genoem)

het / .....

het alleen in 'n stat, bestaande uit twee hutte geleë te Tshamavhudzi, in die Sibasa-distrik gewoon. Een nag, vroeg in Februarie 1982, het Masindi se twee hutte afgebrand en Masindi self het spoorloos verdwyn. Later is egter vlekke, wat na bloedkolle gelyk het, op die vloer en aan die deurkosyne van een van die hutte (nl dié een waarin sy geslaap het) bemerk.

Die Staat se saak is dat gedurende die betrokke nag die eerste appellant, 'n sg "kruiedokter", vergesel van die tweede appellant en andere, na Masindi se stat gegaan het en die woonhut binnegegaan

het / .....

het; dat terwyl die tweede appellant met 'n flits lig verskaf het, die eerste appellant Masindi, waar sy op haar bed gelê en slaap het, met 'n byl teen die kop en nek gekap het en daarna haar skaam=dele afgesny het, haar oë uitgehaal het en haar buik oopgesny het en binne 'n stukkie vet verwyder het; dat ene Piet Nemalamangwa haar borste en 'n hand of arm afgesny het; dat die liggaamsdele in 'n plastieksakkie gesit is; dat Masindi se lyk toe in komberse toegedraai en met 'n tou vasgemaak is en op die deur van die hut, wat vir hierdie doel afgeruk is, na die eerste appellant se motorvoertuig gedra

is en / ....

is en daarin gelaai is; dat die eerste appellant intussen Masindi se hutte aan die brand gesteek het; dat daarna die eerste appellant, vergesel van die tweede appellant en andere, met sy voertuig die toegedraaide lyk na die Levuburivier vervoer het; dat aldaar klippe as gewigte tussen die komberse en lyk ingesteek is, en dat die bondel toe in die rivier gegooi is.

Die Staat se saak berus op twee getuies, Samuel Makasela en Maria Ndou, wat volgens hul eie relase saam met die twee appellante en andere dié nag na Masindi se stat gegaan het. Makasela sê

dat hy / ....

dat hy deurgaans aanwesig was totdat die lyk in die rivier gegooi is terwyl Ndou sê dat sy nie saam met die voertuig gegaan het toe dit met die lyk vertrek het nie. Oor die gebeure tot op daardie tydstip staaf Makasela en Ndou mekaar ten volle oor die besonderhede hierbo uiteengesit.

Die appellante het albei getuig. Elk het hoegenaamd enige betrokkenheid by die gebeure ontken en daarop aanspraak gemaak dat hy die betrokke nag by sy woonplek deurgebring het. Geen stawende getuienis is egter ten behoewe van die appellante voorgelê nie. 'n Poging deur die eerste appellant om 'n

rede te verstrek waarom Samuel Makasela hom valslik sou beskuldig, is tereg deur die Hof a quo as die gryp na 'n strooihalm bestempel; die tweede appellant kon hoegenaamd geen beweegrede aandui waarom die twee getuies hom valslik sou impliseer nie.

Die Hof a quo het Maria Ndou as 'n "besondere goeie getuie" beskou en Samuel Makasela het " 'n eerlike indruk" op die Hof gemaak. Die Hof het hulle geglo waar hul mekaar oor en weer staaf en die getuienis van die appellante verwerp "as nie redelik moontlik waar nie, wanneer na die totaliteit van die

getuienis / ....

getuienis in die hele saak gekyk word". Die Hof het Ndou en Makasela as medepligtiges (of moontlik medepligtiges) benader en uit die uitspraak is dit heel duidelik dat die Hof ten volle bewus was van die gevare wat hier skuil en die reël dat getuienis van medepligtiges met omsigtigheid benader moet word.

'n Moord op Masindi word nie namens die appellante betwyfel nie; ook word nie uitdruklik op enige mistasting deur die Hof *a quo* as sodanig staatgemaak nie. Wesenlik kom die betoog namens die appellante wel daarop neer dat, gesien die

kwaliteit / ....

kwaliteit van Samuel Makasela en Maria Ndou se getuienis en die omstandighede van hul arrestasie en aanhouding en die feit dat hulle as medepligtiges met omsigtigheid benader moet word, die Hof *a quo* fouteer het deur hulle sonder *aliunde* stawing te glo oor die appellante se aandadigheid en die appellante se ontkennings te verwerp.

Die aanval op Maria Ndou se getuienis behels hoofsaaklik die volgende: vanweë haar swak gesig kon sy nie behoorlik gesien het waarvan sy getuig nie; sy is nie konsekwent oor wie, die eerste appellant of Piet Nemalamangwa, sekere

praatwerk / ....

praatwerk *gedoen* het nie en ook nie oor wanneer presies sy so verskrik was dat haar afskeidings= funksies haar oorval het nie; sy vertel 'n "blatante leuen" as sy sê dat die polisie nog nooit met haar "oor die saak gepraat het" nie. Dié punte van kritiek is egter nie van wesenlike aard nie. Gesien die strekking van die gebeure waaroor Maria Ndou getuig, is die inkonsekwensies nie vreemd nie en nog minder agterdogwekkend; in die samehang van die kruisverhoor is dit ook duidelik dat Maria Ndou die vraag "het die polisie met u gepraat oor hierdie saak ?" moes verstaan

het as / ...

het as 'n vraag of die polisie haar voorgesê het; sy self getuig dat sy in die algemeen nie te goed sien nie maar dit sou moeilik wees om fout te vind met die Hof a quo se bevinding, op grond van 'n toets in die Hof uitgevoer, dat sy wel kon gesien het waarvan sy getuig. Trouens, 'n versigtige nalees van Maria Ndou se getuienis as geheel bevestig die Hof a quo se indruk dat sy 'n goeie getuie was.

Ten opsigte van Samuel Makasela se getuienis word in hoofsaak twee punte van kritiek geopper: hy is nie konsekwent oor watter nag die moord

plaasgevind/.....

plaasgevind het nie - hy het begin deur Saterdag=nag (6-7 Februarie) te noem, daarna oorgeslaan na Sondagnag (7-8 Februarie) en toe weer teruggekeer na Saterdagnag; hy ontken eers dat hy aanvanklik ʼn plek aan die ondersoekbeampte uitgewys het as synde waar hy van die voertuig afgeklim het en gevolglik nie aanwesig kon gewees het met die hantering van die lyk by die rivier nie - later erken hy dat hy so ʼn plek uitgewys het maar ver=duidelik dat hy toe nog in vrees verkeer het.

Dit word betoog dat uit die voorgaande dit blyk dat Samuel Makasela leuenagtig is. In sy uitspraak

verwys / ....

verwys die Hof _a quo_ egter na Samuel Makasela se inkonsekwentheid oor wanneer die moord plaasgevind het en kom dan tot die gevolgtrekking dat dit aan blote verwarring aan sy kant toe te skryf is. Nalees van sy getuienis openbaar geen grond om hieroor van die Hof _a quo_ te verskil nie en dit dien eerder om die gevolgtrekking te steun. Wat die uitwys van die genoemde plek betref, gee die desbetreffende getuienis ook 'n indruk van verwarring - beide by die ondervraers en Samuel Makasela self. Dit is selfs nie heeltemal duidelik nie of Samuel Makasela wel aanvanklik ontken het dat hy die

uitwysing gedoen het nie, vanweë die aard van die vraag deur die Prokureur-generaal gestel en sekere tussenwerpsels wat geskied het alvorens die antwoord deur die tolk van die getuie verkry is. Maar hoe dit ook al sy, dit is moeilik om in te sien hoe 'n eie weerspreking oor hierdie aspek noemenswaardig kan afdoen aan die geloofwaardigheid van Samuel Makasela in die lig van sy getuienis oor die algemeen. 'n Vroeëre verklaring deur hom is in 'n sekere stadium in die Hof a quo deur die Staat aan die appellante se advokate beskikbaar gestel maar hulle het dit nie opgevolg nie en dit is ook nooit aan die hand

gedoen / .....

gedoen dat sy getuienis 'n onlangse fabrikasie is nie.

Namens die appellante word ook op sekere onderlinge weersprekings van Maria Ndou en Samuel Makasela gewys. Een van dié is dat eg. sê dat die gebeure Sondagnag plaasgevind het, terwyl lg. benewens van Sondagnag ook van Saterdagnag gepraat het. Daar is ook andere wat nie nou opgenoem hoef te word nie. 'n Noukeurige nalees van die ge=tuienis toon egter geen rede om af te wyk van die Hof _a quo_ se beskouing dat enige weersprekings sodanig is dat hul in die lig van die gebeure waarvan getuig

word, geen argwaan wek nie maar eerder te wagte is. Wat wel met die nalees opval, is nie die onderlinge afwykings nie, maar die belangrike opsigte waarin dié twee getuies inderdaad mekaar in besonderhede staaf.

Ten slotte word namens die appellante daarop gewys dat Samuel Makasela en Maria Ndou voor die verhoor nege maande lank in aanhouding was en dat die voordeel van vrywaring van vervolging aan hulle voorgehou moes gewees het. Trouens, hulle was oorspronklik saam met die appellante medebeskul=digdes. Dit word aan die hand gedoen dat in die

lig / ......

lig hiervan die moontlikheid van 'n sameswering tussen die twee getuies en die polisie, of net tussen die twee getuies onderling, om die appellante by die moord te betrek, nie uitgesluit kan word nie. 'n Getuienis-basis vir so 'n moontlikheid is egter nie gelê nie - die moontlikheid is nie eers uitdruklik aan Samuel Makasela of Maria Ndou gestel nie. Lg is wel gevra of sy ooit met eg oor die saak gepraat het en haar antwoord was: "Nooit nie, ons was saam in hegtenis geneem en ek het hom nie weer gesien nadat ons gearresteer was nie". Elders sê sy dat sy aangehou is in 'n sel by die Sibasa

polisiestasie / ....

polisiestasie en dat sy nie weet of Samuel Makasela ook daar aangehou is nie: "ek word by die vrouens se sel aangehou". Hierdie bewerings van haar is nie aangeveg nie. Die "moontlikheid" waarop staatgemaak word, blyk uit die getuienis hoogstens spekulasie te wees.

Uit die voorgaande behoort dit duidelik te wees dat die kritiek op die Hof _a quo_ se aanslag van Samuel Makasela en Maria Ndou as getuies in die algemeen nie gegrond is nie.

Die Hof _a quo_ het die getuies as medeplig=tiges beskou, hul getuienis met omsigtigheid benader

en hulle geglo waar hulle mekaar staaf en die getuienis van die appellante verwerp. Gesien die voordeel wat die Hof gehad het om die getuies te gesien en te gehoor het, bestaan daar geen voldoende rede om in die Hof se geloofwaardigheids=bevindings in te gryp nie. In die lig van hierdie bevindings is daar in die besondere omstandighede, soos hulle uit die getuienis blyk, ook geen voldoende grond om tot die gevolgtrekking te geraak dat aliunde stawing van die appellante se aandadigheid onontbeerlik was nie.

Die appèlle word afgewys.

E.L. JANSEN AR.

SMUTS Wnd. AR.)
Stem saam.
HOWARD Wnd. AR.)